

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM 2017/06/28		DATUM 2017/06/27		+ - WEEK GELEDE 2017/06/19		+ - MAAND GELEDE 2017/05/29		+ - JAAR GELEDE 2016/06/27					
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data			
DJIA-index	21311	-98.89	↓	-0.5%	21410	↓	-0.3%	21384	↑	1.1%	21080	↑	24.3%	17140
Goud (Spot)	1252.27	6.97	↑	0.6%	1245.30	↑	0.0%	1251.91	↓	-1.2%	1266.95	↓	4.8%	1315.12
Brent \$/vat	46.66	0.72	↑	1.6%	45.94	↓	-1.1%	47.18	↓	-10.4%	52.08	↓	2.5%	47.86
1 € / US\$	1.1351	0.015	↑	1.4%	1.1198	↑	1.4%	1.1192	↑	1.6%	1.1177	↑	2.6%	1.1059
1 US\$ / ZAR	12.98	0.100	↑	0.8%	12.88	↑	1.3%	12.81	↑	0.7%	12.89	↓	15.2%	15.31
Corn	R 1 834.47	19	↑	0.5%	R 1 825.41									
Wheat	R 2 160.51	-54	↓	-2.5%	R 2 214.85									
Soybeans	R 4 344.86	-9	↓	-0.2%	R 4 353.98									
*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day														
*CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day														
*CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day														
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)														
Corn May 17	359.00	-1.00	↓	-0.3%	360.00	↓	-7%	384.00	↓	-3%	369.00	↓	-11%	405.00
Wheat May 17	453.00	-15.00	↓	-3.2%	468.00	↓	-3%	465.25	↑	5%	430.00	↓	-10%	505.50
Soybeans May 17	911.00	-9.00	↓	-1.0%	920.00	↓	-3%	939.00	↓	-3%	939.00	↓	-14%	1053.25
SORGHUM Jul '17														
WMAZ Spot	2700.00	0.00	↑	0.0%	2700.00	↓	-2.1%	2757.00	↓	-6.9%	2900.00	↓	-27.2%	3707.00
WMAZ Sept 17	1695.00	4.00	↑	0.2%	1691.00	↓	-2.6%	1741.00	↓	-1.1%	1713.00	↓	-63.8%	4688.00
WMAZ Dec 17	1750.00	4.00	↑	0.2%	1746.00	↓	-0.2%	1753.00	↑	1.0%	1732.00	↓	-65.3%	3201.00
YMAZ Spot	1818.00	13.00	↑	0.7%	1805.00	↑	0.2%	1814.00	↑	1.3%	1794.00	↓	-61.6%	4740.00
YMAZ Sept 17	1807.00	-7.00	↓	-0.4%	1814.00	↓	-3.1%	1864.00	↓	-2.6%	1856.00	↓	-69.5%	3575.00
YMAZ Dec 17	1860.00	2.00	↑	0.1%	1858.00	↓	-0.9%	1877.00	↓	-0.6%	1871.00	↓	-69.6%	3077.00
SOY Spot	1933.00	10.00	↑	0.5%	1923.00	↑	0.2%	1930.00	↑	0.5%	1923.00	↓	-66.7%	3630.00
SOY Sept 17	4425.00	-77.00	↓	-1.7%	4502.00	↓	-1.9%	4510.00	↑	0.1%	4419.00	↓	-42.7%	7720.00
SUN Spot	4530.00	-48.00	↓	-1.0%	4578.00	↓	-0.5%	4553.00	↑	1.3%	4472.00	↓	-41.3%	7720.00
SUN Sept 17	4420.00	10.00	↑	0.2%	4410.00	↓	-1.9%	4505.00	↓	-4.5%	4630.00	↓	-33.3%	6630.00
WHEAT Spot	4560.00	-1.00	↓	0.0%	4561.00	↑	0.0%	4559.00	↓	-2.6%	4680.00	↓	-31.2%	6630.00
WHEAT Dec 17	4180.00	36.00	↑	0.9%	4144.00	↓	-7.3%	4510.00	↓	-6.7%	4478.00	↓	-42.8%	4791.00
WHEAT Dec 17	3860.00	-57.00	↓	-1.5%	3917.00	↓	-3.7%	4471.00	↓	-42.3%	4400.00	↓	-69.4%	4791.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand het weer effens teruggesak teenoor die dollar na die onlangse versterking wat in die wisselkoers gesien was. Die rand verhandel vanoggend teen R12.98/\$ en het weer teruggesak na die nuutste werkloosheidsyfer in die mark wat deur Statistiek SA bekend gemaak was. Statistiek SA se werkloosheidsyfers het getoon dat die aantal werke in die eerste kwartaal van 2017 met ongeveer 48 000 gedaal het wat verdere druk op die ekonomiese groei toon. In die kommoditeitsfront was die goudprys stabiel en dit was ondersteun deur die swakker dollar na Janet Yellen se toespraak rakende die Amerikaanse monitiere beleidsoorsig. Die Brent ru oliepryse het gister 'n effense versterking getoon na die Amerikaanse regeringsverslae getoon het dat die voorraadvlakke effens laer is vanaf die rekord hoogtes wat vroeër gesien was. Die pryse is egter steeds relatief laag met die wêreldvoorraadvlakke wat steeds hoog is. Die prys verhandel vanoggend teen \$46.66/vat.

Mielies: Die Amerikaanse mielieprys het gister effens sterker afgesluit vir die 2de agtereenvolgende dag na die USDA die produksiekondisies onveranderd op 67% goed tot uitstekend gelaat het, wat laer as verlede seisoen se 75% goed tot uitstekend teen hierdie tyd van die seisoen is. Die produksie in Amerika se vordering is ook effens stadiger as die 5 jaar gemiddeld. Daar word gunstige weerstoestande voorspel vir die komende week en dit behoort gunstig te wees vir die produksiekondisies. Die temperature word egter verwag om toe te neem gedurende die eerste week van Julie, maar die handelaars raak nie panikerig daaroor nie. In Europa word verwag dat die temperature effens laer behoort te wees as dié wat gesien was tydens die onlangse hittegolf toestand waar die temperature in Frankryk en Duitsland moontlik die opbrengste kon beïnvloed. Die hooffokus in die internasionale mielie mark sal op die weerstoestande en die produksievordering van die Amerikaanse oes wees. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister gemeng verhandel vir beide wit- en geelmielies. In die weeklikse SAGIS in- en uitvoersyfers wat gister bekend gestel was, word die weeklikse WM uitvoere op 44 835 ton gerapporteer en die YM uitvoere op 42 085 ton. Die totale uitvoere vir die seisoen tot dusver is 310 791 ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister vir die 3de agtereenvolgende dag sterker afgesluit, maar verhandel steeds laer as belangrike bewegende gemiddelde pryse en ook laer as die pryse van 'n week gelede. Die mark het effense gemengde gevoelens gehad met die laer produksiekondisie wat ondersteuning aan die mark gebied het terwyl die beter verwagte weersvoorsigte die skerp toenames in die mark effens beperk het. Tans sal die produksiekondisies en ook die weersomstandighede die hoof fokus wees in die internasionale markte. Die weerstoestande sal noodsaaklik wees vir die gunstige produksievordering en die rolspelers in die markte sal die weerstoestande fyn dophou. Die markdeelnemers sal ook die aanplantingsverslag dophou wat Vrydag deur die USDA bekend gemaak. Die verwagting in die mark vir hierdie verslag is dat die oppervlakte aangeplant onder sojabone effens hoër behoort te wees as wat die huidige skatting deur die USDA is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister hoofsaaklik laer verhandel en het laer afgesluit vir al die kontrakmaande wat tans gelys is. Die nuutste maandelikse SAGIS syfers wat gister bekend gestel is, toon aan dat die persing van sojabone vir olie en oliekoek gedurende Mei 92 900 ton was. Dit is aansienlik hoër as die 3 en 5 jaar gemiddelde persing van sojabone gedurende Mei.

Koring: Die Amerikaanse lentekoringmark het gister sterker verhandel en die mark het naby aan 'n 3 jaar hoogtepunt gedraai nadat die USDA weer die produksiekondisies van die lentekoring laer aangepas het. Die winterkoringmark het ook sterker verhandel, maar die toenames in hierdie mark was nie so skerp soos dié van die lentekoringmark nie. Die USDA het die produksiekondisies van die winterkoring onveranderd gehou vanaf verlede week en die stroop van die winterkoring vorder goed. Die opbrengste wat gerapporteer word in die van die Amerikaanse HRW koring strek oor 'n groot reeks met die dat daar in sekere gedeeltes weer probleme in die mark was gedurende die groeiseisoen. In die EU is die weersvoorspelling gunstig en dat die warm weer effens minder behoort te wees die komende week in die westelike dele van die EU. Warm weer het verlede week bekommernisse gewek by die produksie van koring in Frankryk en Spanje, terwyl die produksie in Duitsland gunstig was. Die fokus tussen die handelaars in die internasionale koringmark sal op die weerstoestande en produksiekondisies van die koring wees, beide in die VSA en ander lande. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het ernstige verliese getoon sedert die nuwe tarief formule verlede Donderdag in die Staatskoerant afgekondig is. Die mark het gister ook aanvanklik skerp gedaal, maar het weer ondersteuning begin vind nader aan die einde van die verhandelingsessie en die Julie prys het sterker afgesluit, terwyl die verdere maande laer afgesluit het, maar nie so skerp soos aanvanklik in die oggend verhandel was nie. Die verhandelingsaktiwiteit in die mark het ook aansienlik toegeneem en die verhandelingsvolumes in die mark wat hoër is verskaf meer likiditeit aan die mark. In die nuutste weeklikse SAGIS in en uitvoersyfers wat gister gerapporteer was die weeklikse invoere op 25 905 ton gerapporteer. Die totale invoere vir die seisoen tot dusver is 581 147 ton. Daar is wel verskeie faktore wat fyn dopgehou sal word in die plaaslike mark. Die produksiekondisies in die Weskaap sowel as die voorraadvlakke plaaslik sal dopgehou word. Vraag en aanbod sal steeds die grootste impak op die plaaslike koringpryse hê.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.com

Opgestel deur: Michelle Mokone & Luan Van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

